# Die kerke in Rwanda: Skandes en uitdagings – en lesse vir Suid-Afrika[1]

**Prof P G J Meiring**
**Departement Godsdiens- en Sendingwetenskap**
**Universiteit van Pretoria**

## Abstract

**The churches in Rwanda: Disappointments and challenges - and lessons for South Africa**

***The author, one of a team of South Africans invited to Rwanda to advise the newly appointed Unity and Reconciliation Commission, gives an overview of the political developments that led to the bloody genocide (February-April 1994) during which more than a million Rwandans died at the hands of their compatriots. The role that the churches played during the crisis was a disappointment to many; the conduct of many of the clergy – who not only condoned what was happening but actively took part in the events – is nothing less than shameful in view of the Gospel. If the churches want to regain their integrity, five challenges should be taken seriously: the churches should lead the country in a sincere confession of guilt; the churches should regain their prophetic witness in the country; they should contribute to leadership development and training; the churches should play their part in ministering to the poor and needy, to the traumatized in Rwanda; and, lastly, the churches should act as servants of reconciliation.***

## 1. INLEIDING

"Ons het op die harde manier geleer om nie meer iets van ander te verwag nie. Niemand wil ons meer help nie. Ons het gehoop dat die Verenigde Nasies ons tot hulp sou kom,

---

[1] Professor P G J Meiring is in Augustus 2000 genooi om as deel van 'n groep van ses Suid-Afrikaanse adviseurs van die Rwandese Eenheids- en Versoeningskommissie 'n besoek aan die land te bring. Verskeie onderhoude is gevoer en 'n tweedaagse werkswinkel is in Kigali aangebied waaraan talle kabinetslede, parlementslede, kommissielede en kerkleiers deelgeneem het. Die artikel is gebaseer op 'n literatuurstudie sowel as op talle onderhoude wat tydens die besoek gevoer is.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

maar hulle het nie. Ons het gedink dat die Europese Unie ons nood sou raaksien, maar tevergeefs. Ook die Organisasie van Afrika-Eenheid het nie veel meer as woorde en nogmaals woorde na ons gestuur nie. En dit terwyl mans, vroue en kinders by die honderd duisende gesterf het, terwyl die land in vlamme opgegaan het!" President Paul Kagawe, regeringshoof van die Sentraal-Afrikaanse staat Rwanda, het hom tydens 'n besoek van 'n groepie Suid-Afrikaanse gaste wat as adviseurs na sy land genooi is, sterk oor die gebrek aan internasionale belangstelling in sy land uitgelaat. "Tydens die bloedbad van 1994 is meer as een miljoen Rwandese deur hul volksgenote om die lewe gebring, en min het 'n hand gelig om ons te help" (Onderhoud, 21Augustus 2000).

## 2. 'N BLOEDIGE GESKIEDENIS

Die menseslagting waarna Kagawe verwys het was nie die eerste in die geskiedenis van die land nie. Inteendeel. Tydens die Berlynse Konferensie (1884-1885) waartydens die koloniale grense van Afrika vasgelê is – in baie gevalle sonder om behoorlik van die politieke en sosiale werklikhede van die kontinent kennis te neem – is die Groot Meregebied waar die Hutu's en die Tutsi's reeds vir honderde jare gelewe het, tussen vyf lande verdeel en onder die beheer van verskillende koloniale meesters geplaas: die destydse Belgiese Kongo, Rwanda, Burundi, Kenia, Tanganjika en Uganda. Dit was 'n resep vir moeilikheid wat vandag nog, ná meer as 'n honderd jaar, voortduur in die burgeroorleë in die Demokratiese Republiek van die Kongo én Burundi (Olivier, Fage, 186v; Van Rensburg, 328-333; Johnstone, 479v; Meiring 1979, 63v).

Rwanda is aanvanklik aan Duitsland toegesê (1899-1916), voordat die gebied onder Belgiese beheer geplaas is (1916-1962). Die koloniale owerheid wat 'n verdeel en heers-beleid gevolg het, het die verskille tussen Tutsi's en die Hutu's – asook die Twa's (Pigmieë) – oor die jare uitgebuit, wat veroorsaak het dat toe Rwanda in 1962 sy onafhanklikheid verkry het, die land in 'n kruitvat beland het. Opstand ná opstand het uitgebreek, een regering ná die ander het mekaar opgevolg. Honderd duisende Rwandese is deur die jare doodgemaak, nog meer het die land uit gevlug om êrens in 'n buurland 'n heenkome te vind. Uitreindelik het vrede gewink, toe Hutu's en Tutsi's, moeg van die jarelange stryd, in Arusha (Tanzanië) om die konferensietafel vergader het. Na drie jaar se onderhandelinge (1991-1993) het hulle 'n vredesverdrag gesluit – en kon groot getalle



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Tutsi's uit die buurstate na Rwanda terugkeer. Die vreugde was egter van korte duur. Die Hutu-regering het maandelank voorberei en toe meteens, in Februarie 1994, landswyd op die niksvermoedende Tutsi's en hul Hutu-simpatiseerders toegeslaan. In die hoofstad Kigali, die universiteitsdorp Butare, soos ook in talle ander dorpe en gehuggies in die land het die weermag en vigilante-groepe, deur die loop van drie maande – Februarie tot April 1994 – meer as een miljoen medeburgers vermoor.

Skokkende berigte is deur die media na buite gedra: televisiebeelde van lyke wat die riviere afdryf, duisende liggame wat op die strande van die Victoria-meer uitgespoel het, lang toue vlugtelinge wat vir die hoeveelste keer oor die grense stroom. 'n Halfuur suid van Kigale, per helikopter, lê die dorpie Murambe. Gedurende die slagting het groot groepe Tutsi's na Murambe gevlug, na 'n halfvoltooide tegniese kollege, waar hulle gehoop het om onderdak te vind. Die huidige burgemeester, Mutjima, vertel (Onderhoud, 22 Augustus 2000):

> Die polisie en die weermag het die mense verseker: in die klaskamers sal julle veilig wees. Ons sal julle oppas. En toe, op 20 April, het dieselfde soldate 'n kordon om die skool getrek en met behulp van plaaslike Hutu-vigilantes wat hulle met gewere, handgranate en pangas bewapen het, sistematies begin om die vlugtelinge af te maai. Dit het hulle twee dae lank geneem, maar uiteindelik was elke man, vrou en kind vermoor. Veertig duisend van hulle! Toe alles verby is het die regering grondverskuiwingsmasjiene gestuur om slote te grawe waarin die lyke begrawe is. Maande later, toe die nuwe regering oorgeneem het en daar weer rustigheid in die land gekom het, het ons die massagrafte weer oopgegrawe. Van die gesinne van die slagoffers het na hul geliefdes kom soek, wou weet of hulle pa's of ma's of kinders onder die lyke was.

Murambe is een van die 157 slagvelde ("genocide sites") in die land, maar ook een waar van die mees skokkende " monumente" van die slagting staan. Die duisende liggame wat opgegrawe is, is op houtttafels in die klaskamers van die halfvoltooide tegniese kollege geplaas. Die vel het om die meeste skelette verdroog. Plek-plek is daar nog flentertjies klere aan die liggame te sien, hier en daar kleef daar nog klossies hare aan die skedels. Sommige kamers is vir kinderlykies gereserveer, ander weer vir volwassenes



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

– of vir hele gesinne wat sáám op die tafels lê. In die skoolsaal hang duisende stukke klere wat van die lyke geval het, vir naasbestaandes om uit te ken.

"Vier jaar gelede, toe aartsbiskop Tutu ons land besoek het, het ons hom na een van die ander *genocide sites*, na Ntarama, geneem", het minister Ndoba Gasana, voorsitter van die Menseregtekommissie in 'n onderhoud vertel, "Toe hy die lyke sien het Tutu fisies siek geword. Ons moes die helikopter kry om hom terug te neem na Kigali. Hy kon nie verder nie" (Onderhoud, 23 Augustus 2000).

## 3. DIE SKANDE VAN DIE KERKE IN RWANDA

Wat was die rol van die kerke in Rwanda, toe die vloedgolf van dood en verwoesting oor die land gespoel het? Dis 'n vraag wat deur baie gevra is, en met goeie reg, want Rwanda is een van die mees "gekerstende" lande in Afrika. Ongeveer 85% van die bevolking behoort aan een of ander denominasie. Die Rooms-Katolieke Kerk wat reeds sedert 1889 in die land besig is, is by verre die sterkste. Toe pous Johannes Paulus II Kigali in 1990 besoek het, kon hy goed helfte van die bevolking as deel van sy kudde begroet. Tydens die Duitse koloniale tydeperk het Lutherse sendelinge ook hul opwagting gemaak – maar toe die Belge die beheer van die land oorgeneem het, moes hulle weer uit Rwanda vertrek. Ten spyte van die aanvanklike terugslag het die Protestanse gemeenskap in die land gegroei: Anglikane, Metodiste, Presbiteriaanse, Baptiste, Sewende Dag-Adventiste en kleiner charismatiese groepe maak vandag 30% van die bevolking uit. In die land is daar 'n ook 'n Moslem-teenwoordigheid (10%) wat hoofsaaklik uit Indiese en Arabiese handelaars – plus 'n handjievol swart bekeerlinge – bestaan (Barret, 589; Johnstone, 472).

Hoe belangrik was die versoeningsrol van die kerke? Hoeveel het hulle gedoen om deur die jare regverdigheid en vrede te bevorder? Toe die vraag vier jaar gelede (1996) aan dr Fausin Ntezilyayo, toe Minister van Justisie, wat Suid-Afrika as leier van 'n kabinetsafvaardiging besoek het, gevra is het hy besonder skerp gereageer.

> Die kerke ... het geen rol gespeel nie. Nee, dis erger. Die Christene was deel van die probleem! Van die predikante en priesters en selfs nonne was net so skuldig as al die ander. Hulle het ook bloed aan hulle hande gehad. In sommige kerke het dit gebeur dat die priester die vlugtelinge toegelaat het om in die gebou skuiling te soek, net om die deure van die kerk te sluit en die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> soldate met hul gewere en pangas te gaan haal. In party kerke is mans en vroue en kinders voor die preekstoel en die altaar afgemaai".
>
> (Meiring 1999:111)

Vier jaar later was die oordeel oor die kerke, dié keer by monde van die plaaslike kerkleiers self, net so skerp. Tydens 'n ontmoeting met die Suid-Afrikaanse adviseurs in Kigali het het aartsbiskop Emanuel Kolline van die Anglikaanse Kerk sy hand diep in eie boesem gesteek:

> Hoe kon dit gebeur het? Hoe kon ons, die kerkleiers, ons mense so in die steek gelaat het? Die mense het so baie van die kerke verwag – en ons het hulle teleurgestel. In 1959 toe die eerste opstand plaasgevind het was die kerk dáár vir die mense. Toe het ons 'n boodskap gehad. Toe het ons hulle beskerm. Maar nie dié keer nie. Ons het teen ons mense – meer nog, teen God self – gesondig! Ons het sy Naam in die land in diskrediet gebring. Watter soort evangelie het ons deur die jare verkondig wat dit vir Christene moontlik gemaak het om mekaar aan te val, om mede-gemeentelede, soms gesinslede, dood te maak?
>
> (Onderhoud, 21 Augustus 2000)

Professor André Karamaga, leier van die Presbiteriane asook president van die Protestantse Raad van Kerke, was ewe uitgesproke:

> 'n Paar weke ná die bloedbad het ek Kigali besoek. Die erediens was gepak en die mense het uit volle bors gesing " We are the army of the Lord" , asof dit nie tot hulle deurgedring het wat in die land gebeur het, wat hulle alles " in die naam van die Here" aan mekaar gedoen het nie. Hoe verklaar jy dit dat mense wat saam gedoop is, wat saam nagmaal gebruik, mekaar vermoor het? Het hulle verleer om die beeld van God in mekaar raak te sien? Watter soort kerkleiers was ons? Hoe het ons ons mense geleer?
>
> (Onderhoud, 21 Augustus 2000)



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Wat egter die heel diepste gesny het was – volgens Kolline en Karamanga – die feit dat sommige kerkleiers nie net in gebreke gebly het om die bloedvergieting te keer nie, maar dat hulle aktiewe medewerkers was, dat sommige van hulle by die organisering daarvan betrokke was. Die Rooms-Katolieke aartsbiskop was openlik simaptiek teenoor die Hutu's en was selfs 'n lid van die Sentrale Komitee van die regering wat die 1994-slagting beplan het. Op die oomblik is daar ook nog talle priesters en selfs nonne wat in die gevangenis sit, wat vir hul aandeel aan die slagting verhoor moet word. Ook die Anglikaanse Kerk deel in die skande. Hulle aartsbiskop Samuel Musabyimana het kort na die slagting die land uit gevlug om vervolging oor sy aandeel te probeer ontkom. Ironies genoeg, is die aartsbiskop kort ná die terugkeer van die Suid-Afrikaanse adviseurs in Suid-Afrika gearresteer – maar voordat hy uitgelewer is, is Musabyimana as gevolg van 'n burokratiese fout vrygelaat en toegelaat om weer na Kenia te vertrek (*Beeld*, 7 September 2000).

## 4. EENHEID EN VERSOENING IN RWANDA

Teen die einde van 1994 het agt politieke partye in Rwanda daarin geslaag om 'n regering van nasionale eenheid te vorm, en het 'n mate van rus en vrede na die land teruggekeer. Die nuwe president en sy kollegas het met enorme probleme geworstel. Hoe kon die stukkende land weer opgebou word? Wat moes met die duisende vlugtelinge, die dakloses, die weeskinders gemaak word? Die heel grootse vraag was, wat moes met die vyfhonderd duisend Rwandese wat by die slagting betrokke was – wat met bloed aan hul hande geloop het – gemaak word? Aan die Suid-Afrikaanse afvaardiging is berig dat daar in Augustus 2000 nog 129 000 oortreders in tronke gesit het, mans en vroue, asook 'n groot getal minderjarige kinders.

Amnestie volgens die Suid-Afrikaanse resep was nie vir die Rwandese regering aanvaarbaar nie. Tydens Desmond Tutu se besoek aan die land is lang gesprekke oor die saak gevoer, maar Tutu kon sy kollegas nie oortuig nie. Om aan oortreders wat van die grofste denkbare menseregteskendings beskuldig word, volledige kwytskelding te gee, sou in Rwanda verkeerd wees. Dit sou nie aan die eise van reg en geregtigheid voldoen nie. Die speaker van die Parlement het verduidelik: "Ons wil wel 'n vorm van amnestie hê, in dié sin dat ons vonnisse wat opgelê is kan versag – maar totale amnnestie in 'n land



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

waar wetteloosheid te lank ongestraf gebly het, sal beslis verkeerde seine uitstuur" (Onderhoud, 22 Augustus 2000).

Om al dié sake te hanteer het die Rwandese regering, soos wat reeds by Arusha ooreengekom is, twee kommissies in die lewe geroep. Die *Nasionale Kommissie vir Menseregte* het die opdrag gekry om al die menseregreskendings van die verlede te ondersoek en om, waar nodig, vervolging in te stel. Die *Nasionale Kommissie vir Eenheid en Versoening* het die opdrag gekry om op allerhande wyses die eenheid in die land te probeer hersstel, die eenheid wat tydens 1994 so wreed verbreek is, en om 'n gees en 'n kultuur van versoening onder die mense te help kweek (NURC, July 2000, 4)

Die Menseregtekommissie het besluit om die oortreders – dié wat reeds onder arres was sowel as dié wat nog voortvlugtend is – in vier kategorieë te verdeel:

- Kategorie een: instigeerders en organiseerders van die menseslagting, senior offisiere en politici wat direk betrokke was, asook moordenaars en persone wat ernstige seksuele wandade gepleeg het. Die voorgeskrewe vonnis vir kategorie een-misdade is die doodstraf, alhoewel versagting in uitsonderlike gevalle oorweeg kan word.
- Kategorie twee: persone wat alhoewel hulle nie die leiding geneem het nie, hulle aan moord en ernstige aanranding skuldig gemaak het. Skuldiges wat om amnestie aansoek doen se doodstraf kan na lewenslange gevangenisstraf verander word.
- Kategorie drie: oortreders wat mense ernstig aangerand het. Nadat hulle skuldig gepleit het en om amnestie gevra het, kan die oorteders se straf met twee-derdes verminder word.
- Kategorie vier: persone wat hulle aan die besittings van ander vergryp het. Hulle sake is na tradisionele plaaslike gemeenskapshowe (*cajaja's*) verwys, wat na gelang van plaaslike omstandighede gemeenskapsdiens as vonnis kan oplê (Law No 08/96, 14-25).

Nadat die Parlement die aanbeveling van die Menseregtekommissie aanvaar het en in die wet vasgelê het, kon met die groot werk begin word. Die parlement het 'n ernstige beroep op die land en sy mense, op die burgerlike instellings, veral die kerke,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

gedoen om die proses van nasiebou, van eenheid en versoening, so glad en voorspoedig moontlik te laat verloop. Hoe het die kerke daarop reageer?

## 5. 'N VYFTAL UITDAGINGS

Hoe *het* die kerke op die uitnodiging gereageer? Dit is interessant om daarop te let dat terwyl daar aan die één kant 'n diepe teleurstelling onder die bevolking was oor die rol wat die kerke in die verlede gespeel het, daar 'n ewe groot verwagting by die gemiddelde Rwandees ten opsigte van die bydrae wat die kerke kan en moet lewer, leef. "Die kerke het 'n belangrike rol te speel", het 'n senior parlementslid tydens die Kigali-werkswinkel opgemerk.

> Al is dit waar dat die kerke ons in die steek gelaat het, moet ons hulle nie veroordeel nie. Ons weet dat die kerkleiers vandag in 'n dilemma verkeer, dat hulle voel dat hulle hul integriteit verloor het. Ons wil die kerkleiers egter aanmoedig om hul koppe op te tel en voor te loop, om ons die pad te wys waarop ons moet gaan. Bid vir ons, lei ons op geestelike gebied. Help ons om die toekoms tegemoet te gaan. Dit is wat ons van die kerke vra!
>
> (Kigali-werkswinkel, 22 Augustus 2000)

Die kerke – het talle deelnemers aan die werkswinkel beklemtoon – beskik oor die beste, die mees uitgebreide, netwerk in Rwanda. In 'n land waar die infrastrukture verkrummel het, waar kommunikasie tussen mense en gemeenskappe moeilik geword het, is die verskillende kerke in die land gerat om 'n baie spesifieke bydrae te lewer. Oor presies wat die kerke moet doen, watter uitdagings op die kerkleiers gewag het, was daar algemene instemming.

### 5.1 'n Opregte skuldbelydenis

Een van die grootse – miskien ook die mees algemeen menslike – probleme waarmee Rwanda worstel is dat terwyl die land in skerwe lê, terwyl die menseslagting nog vars in



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

die mense se gedagtes is, daar nog altyd Rwandese is wat die die vergrype van die verlede ontken. En dit geld nie net van oud-soldate en politici nie, maar ook van sommige kerke en kerkleiers. "Dit was maar eers onlangs dat die Protestantse kerke in die land hul skuld ten opsigte van die gebeure – oor die dinge wat hulle gedoen het en nie gedoen het nie – bely het", het André Karamaga verduidelik (Onderhoud, 21 Augustus 2000).

Vir die Rooms-Katolieke Kerk wat by verre die grootste denominasie in die land is, van wie talle kerkleiers noue bande met die Hutu-regering gehad het wat vir die wandade verantwoordelik was, was dit nog moeiliker om hul skuld in die openbaar te bely. "Ons was baie terleurgesteld met die reaksie van die Vatikaan", het Ndoba Gasana, voorsitter van die Menseregtekommissie verklaar. "Die pous moes geweet het wat gebeur. Van sy eie mense – biskoppe, priesters en nonne – was by die slagting betrokke, maar hy het nooit sover gekom om die slagting te veroordeel of die skuld wat die Rooms-Katolieke Kerk gedra het, te bely nie. Die enigste kommunikasie wat hulle met ons gehad het, was navrae oor ampsdraes wat gearresteer was – dat ons hulle moes vrylaat!" Voor die Suid-Afrikaanse Katolieke Biskoppekonferensie in 1999 sou plaasvind het 'n Katolieke afvaardiging vanuit Suid-Afrika Rwanda tweemaal besoek. Biskop Kevin Dowling van Rustenburg berig dat die ontmoeting met die Rwandese regering nie baie goed verloop het nie – dat daar inderdaad heelwat wantroue en bekommernis aan weerskante van die onderhandelingstafel was (Dowling, 14-16). "Uiteindelik het die pous, enkele maande gelede, tog wel die menseslagting veroordeel en die rol wat Katolieke gespeel het, betreur", het Gasana vertel. "Maar dit was ietwat binnesmonds – en baie laat!" (Onderhoud, 22 Augustus 2000).

By die Kigali-werkswinkel is ernstig oor die behoefte aan 'n erkenning van die feit van die menseslagting (wat deur sommige nog altyd as maar "één insident tydens 'n lang burgeroorlog" afgemaak word) gepraat. Wat verder nodig was, is gesê, was 'n belydenis en 'n ernstige verklaring van voorneme dat die soort bloedvergieting nooit weer in die land toegelaat behoort te word nie. 'n Konsepverklaring is voorberei (*Rwanda Possible Pledge*) wat deur die kerke – asook deur ander groepe – deur die land geneem gaan word, om die steun van die hele bevolking daarvoor te probeer werf.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

I condemn genocide in the strongest terms.
It is evil and a disgrace to humanity and to God.
I will do all in my power to prevent this ever reoccurring.
I will use my physical, psychological, economic and spiritual strength and influence to build peace and a prosperous Rwanda where genocide will never happen again.
I will work at being aware of any effort to engender hatred between people and will oppose it.
I hold myself accountable to the people of Rwanda and te world to build peace, unity, and reconciliation in all my actions and decisions.
I am aware of the suffering caused by irresponsible actions to deprive others of human rights.
I will endeavour to establish and affirm human rights and democracy in Rwanda and in my community.

- My hands will never be used in violence
- My eyes will never countenance violence.
- My vöice will only be used for peace.
- I will be a peace maker, I will build peace.
- I will do something to make this a land where we can all live, grow and prosper in peace and harmony.

## 5.2 Profetiese getuienis

Waaroor ons baie skaam voel, het die Rwandese kerkleiers tydens die werskwinkel gesê, is dat die kerke ontrou aan hul profetiese opdrag was, dat hulle geswyg het toe hulle moes gepraat het; dat baie kerkleiers so naby aan die regering gestaan het dat hulle nie die vrymoedigheid gehad het om kritiek uit te spreek, toe ernstige kritiek nodig was nie. Wat die kerkleiers totaal onderskat het was die demoniese mag van die ideologie van rasseverskille en "tribalism".

"Ons was naief", het die Minister van Justisie vertel. "Ons het ná die aanvaarding van die Arusha-deklarasie gemeen dat ons die ou verskille, die vyandighede tussen Hutu's en Tutsi's, oorbrug het, dat ons maklik aan ons nuwe samelewing sou bou. Ons het nooit besef hoe vinnig 'n samelewing weer gepolariseer kan raak nie." In sy eie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

tuisdorp, in sy eie gesin, het die minister dit ervaar. Hy vertel (Onderhoud, 22 Augustus 2000):

> Terwyl die vorige regering met hul planne besig was om die land in 'n bloedbad te dompel, om die Tutsi's en al hul simpatiseerders dood te maak, het hulle klaarblyklik aan die skole van die land opdrag gegee om die kinders – en deur hulle, die ouers – te polariseer. My eie dogtertjie het een middag huis toe gekom met die verhaal dat hulle onderwyseres al die kinders in haar klas in twee rye laat staan het.
>
> "Hoeveel verskille sien julle tussen julle raak?", het sy gevra.
>
> Die kinders het net gelag, want daar was nie verskille nie. Hulle was maats wat jare lank saam skoolgaan. Maar die onderwyseres het daarop aangedring dat hulle na verskille moes soek.
>
> "Al die maeres en langes moet teen dié muur gaan staan, en al die kortes en sterkes teen die ander muur", het sy beveel. "Kyk hoe mooi is ons kortetjies, kyk hoe lelik lyk die langes!"
>
> Die volgende dag het sy die langes, die wat soos Tutsi's gelyk het, weer in 'n ry laat staan.
>
> "Kyk hoe lank is hulle gesigte en hul neuse. Hulle lyk net soos kakkerlakke – nie soos mense nie!"
>
> Die derde dag moes die twee rye hul handpalms vergelyk. Die Hutus s'n was donker, die Tutsi's se handpalms ligter.
>
> Na drie weke was die kinders so gepolariseer, dat hulle gereed was om mekaar te bespot en selfs leed aan te doen. Wat by die skool gebeur het, het sy merk op die hele dorpie gelaat. Toe die menseslagting in Februarie 1994 uitbreek was die dorp se mense reg om mekaar te lyf te gaan. Bure wat jare lank langs mekaar gewoon het, mede-Christene wat gewoond was om uit dieselfde nagmaalsbeker te drink, het mekaar aangeval en vermoor. In ons dorp was



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> daar heelparty gemengde huwelike tussen Hutu's en Tutsi's. In die bloedvergietingsmanie wat oor ons gespoel het was dit nie vreemd vir 'n man om sy vrou te vermoor nie, vir 'n ma om haar seun wat te veel na die Tutsi pa gelyk het, aan die soldate uit te wys nie.

Om hul profetiese verantwoordelikheid na te kom sal die kerke met veel meer ywer hul aan die studie van God se Woord, sowel as aan 'n analise van die samelewing en sy probleme en uitdagings moet wy, het André Karamaga verklaar. "Ons sal moet leer wat dit beteken om die evangelie van Jesus Christus, inheems, in die konteks van Rwanda te verstaan en te verkondig. Dit sal hoë vereistes aan ons stel, dat mag 'n duur offer van ons vra, maar dit is ons opdrag. Ons mag nooit weer die Here – of ons lidmate – teleurstel nie." (Onderhoud, 21 Augustus 2000).

### 5.3 Leierskapsontwikkeling

Om profeties op te tree, vir die kerk om sy rol in die samelewing vol te staan, moet daar sterk gemotiveerde en goed toegeruste leiers in die land wees. Nie net die kerkleiers nie, ook die politieke leiers – selfs ook president Paul Kagawe – het met groot verwagting van die rol wat die kerke op hierdie gebied kan en moet speel melding gemaak.

Rwanda het leiers op *alle* terreine van die samelewing – mans, vroue en veral jongmense – dringend nodig. As die kerke met die Bybel in die hand, met die streng etiese kode van die Skrif, nie daarin slaag om 'n nuwe leierskorps op te lei nie, wie sal?, was die vraag op baie lippe. Die oorloë van die verlede, die bloedbad, die feit dat daar nog altyd groot getalle Rwandese as vlugtelinge in die buiteland verkeer, het die land van duisende bekwame leiers beroof. Die kerke kan met hul onderwyservaring wat oor jare opgebou is, hier 'n groot diens aan die land en sy mense verrig. Nie net moet nasionale leiers op politieke, sosiale, ekonomiese, kulturele, en ander gebiede opgelei word nie, maar veral op plaaslike vlak moet mans en vroue, oud en jonk – van wie 'n groot persentasie ongeletterd is – vir hul taak as verantwoordelike burgers in die land bemagtig word.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

### 5.4 Diensknegte na die voorbeeld van Christus

Die vierde groot uitdaging wat op die kerke wag is om getrou aan die voorbeeld van hul Here, neer te kniel om die nood en die pyn van die samelewing te help verlig. Die oproep van die Here Jesus in Matteus 25: "Ek was honger … ek was dors … ek was 'n vreemdeling … ek was sonder klere … ek was siek … in die tronk" (Mt 25:34vv) kry in Rwanda 'n nuwe en ernstige betekenis. Want Randa is 'n verskeurde land, 'n land vol met getruamatiseerde mense, met oorvol tronke, met mense wat oneindige groot behoeftes het. Die land is relatief klein. Met sy 7,9 miljoen mense is Rwanda egter ook een van die digsbevolkte gebiede in Afrika. Die groot meerderheid van die mense (94% van die bevolking) woon op die platteland, waar hulle met klein boerderybedrywighede 'n sukkelbestaan voer. Die mense is arm: 64% van alle Rwandese leef onder die broodlyn. Meer as helfte van die mans (52%) en byna helfte van al die vroue (45%) is ongeletterd. Terwyl die meerderheid kleiner kinders wel skool toe gaan, bereik baie min van hulle uiteindelik die hoërskool (slegs 8% van die kinders van hoërskoolouderdom ontvang sekondêre onderwys). Die gemiddelde lewensverwagting van 'n Rwandees is slegs 49 jaar – van die heel laagste op die kontinent. Uit elke 1000 babatjies wat jaarliks gebore word, sterf 129 (Aloisea Inyumba, onderhoud, 21 Augustus 2000).

Dat daar dus 'n geweldige groot behoefte aan sosio-ekonomiese opheffing, aan die mees basiese mediese en onderwysbehoeftes bestaan is duidelik. "Wat kan die kerke – met al hul internasionale en ekumeniese kontakte – doen om ons te help?", is die vraag van baie. "In 1994 was daar nog by die 200 nie-regeringsorganisasies in die land wat met talle projekte besig was", het aartsbiskop Emmanuel Kolline verduidelik."Die meeste van hulle het ná die menseslagting die land verlaat. Kan die kerke hulle plek neem?" (Onderhoud, 21 Augustus 2000). Een inspirerende voorbeeld van 'n internasionale kerklike organisasie wat wel aangemeld het en groot werk in die land verrig, is die *Jesus Alive Ministries* (JAM) wat sy hoofkantoor in Honeydew, naby Johannesburg het. Kort na die menseslagting in Gitarama het JAM op die toneel verskyn en 'n weeshuis opgerig waar meer as 700 kinders versorg word. As gevolg van die goeie werk wat JAM verrig word die organisasie deur die regering vertrou om advies op talle terreine in die land te gee (JAM, 15v).



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Een saak waaroor groot bekommernis bestaan, is die geweldige nasionale skuld waaronder die regering en die land gebuk gaan. Die totale inkomste van Rwanda (bruto nasionale produk) beloop jaarliks 1.9 biljoen Amerikaanse dollars; die skuld van die land 1,4 biljoen dollars (oftewel 75% van die bruto nasionale produk). Terwyl die regering skaars $0,8 per jaar per persoon vir gesondheidsdienste kan bekostig en $4,8 vir onderwys, moet die regering $6,8 per persoon opdok om die rente op die nasionale skuld te betaal. "Die ergste is dat die skuld deur die voormalige regering aangegaan is om veral wapens mee te koop", het Aloisea Inyumba, kabinetsminister en uitvoerende sekretaris van die Eenheids- en Versoeningskommissie, verduidelik. "Ons ly honger om die skuld van die moordenaars te betaal, vir die wapens waarmee hulle ons ouers en ons kinders afgemaai het " (Onderhoud, 21 Augustus 2000). Sou die kerke nie die vaandel vir Rwanda kon opneem – en in die internasionale sale van die Wereldbank, die Internasionale Monotêre Fonds en ander finansiële instellings die land se saak bepleit nie?

### 5.5 Bedienaars van versoening

Die laaste groot uitdaging wat aan die kerke gestel is, is om by die reuse versoeningstaak wat op die land wag, betrokke te raak. Die Rwandese regering wou nie presies dieselfde patroon as die Suid-Afrikaanse Waarheids- en Versoeningskommissie volg nie. Soos hierbo reeds verduidelik was die wye amnestie-aanbod vir die Rwandese nie aanvaarbaar nie. Toe aartsbiskop Tutu die land in 1996 besoek het, is die saak druk bespreek – maar selfs die aartsbiskop kon hulle nie van hul oortuiging laat afsien nie. 'n Mate van amnestie, die vermindering van tronkstraf, ja, maar totale vryskelding van skuld wanneer die oorteder oop kaarte speel en verduidelik wat sy motiewe tydens die oortreding was, sou in Rwanda nie werk nie. Dit sou 'n verkeerde sein uitstuur, het die Rwandese geoordeel.(Tutu, 206-210).

Waarin die Rwandese wel belang gestel het, waaroor aartsbiskop Tutu met groot gesag kon verslag gee, was die rol wat die kerke en die ander geloofsgemeenskappe in ons land gespeel het om versoening te help bevorder. In 'n groot voetbalstadion in Kigali het Tutu gepreek, en die gehoor het aan sy lippe gehang (Tutu, 207v). Die pasaangestelde Eenheids- en Versoeningskommissie koester groot ideale om dwarsdeur die land werkswinkels te hou, om mense op te lei en te skool, om spesiale kursusse in konflik-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

hantering en bemiddeling aan te bied, om die optrede van die politieke partye, die wette wat voorberei word te monitor (National Unity and Reconciliation Commission, 5). Maar as die kerke – wie se werk dit tog eintlik is om versoening te bevorder – nie die kommissie se hande kan sterk nie, is die saak by voorbaat verlore.

Dat versoening 'n kosbare en baie brose saak is, het die mense van Rwanda reeds geleer. Versoening kan nie georganiseer word nie, in die laaste instansie bly dit 'n geskenk van Bo. Tog kan die kerke wat uit die versoening wat God in Christus bewerk het lewe, as bedienaars van die versoening 'n reuse bydrae lewer (2 Kor 5:26vv). Die kerke kan, om enkele praktiese voorbeelde te noem, die regering en sy Versoenings-kommissie te help om tot 'n duidelik *definisie* van wat met versoening bedoel word te kom; om 'n *klimaat* vir versoening te help skep; om te verduidelik wat die noodsaaklike *verbande* tussen versoening en geregtigheid én versoening en restitusie, is, en om waar *plaaslike verhore* deur die tradisionele strukture gehou word (die *cajaja's*), 'n bydrae te lewer. Bo alles sal die kerk van Christus in Rwanda 'n advertensie van sy eie boodskap moet wees. As die kerke daarin kan slaag om die klowe van vooroordeel en vrees, van rassisme en "tribalism" in sy eie geledere te oorkom, sal dit 'n geweldige invloed op die land uitoefen, sal dit as inspirasie vir die mense dien.

## 6. SUID-AFRIKAANSE LESSE

Toe die eertydse minister van Justisie, Faustin Ntezilyayo, Johannesburg in 1996 besoek het, was hy sigbaar ontsteld toe hy oor die rol van die kerke tydens die menseslagting in Rwanda – die bydrae wat hulle ten opsigte van versoening sou kon lewer – uitgevra is. Die kerke het geen rol gespeel nie, was sy opmerking. Hulle was eerder deel van die probleem.

Later die aand, het die minister saam met lede van die Suid-Afrikaanse Waar-heids- en Versoeningskommissie (WVK) aan tafel gesit. Met 'n teenvraag het hy hulle gekonfronteer:

> Suid-Afrika is ook een van die mees Christelike lande in Afrika. Oraloor sien ons kerke staan. Sê my tog, met al die dinge wat in *julle* verlede gebeur het, al die dinge wat die WVK na vore bring, het die Christene enige rol gespeel?



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

> Het die kerke die nood van die mense ernstig opgeneem, die mense gehelp om te versoen? … Maak dit saak dat daar Christene in Suid-Afrika is?" (Meiring 1999:111v)

Dat Rwandese en Suid-Afrikaanse Christene veel vir mekaar te sê het, dat hulle van mekaar kan leer, is duidelik. Alhoewel daar groot verskille in hul ervarings was en is, is daar ook besliste ooreenkomste. Gedurende die vroeë negentiger jare was daar groot politieke en sosiale omwentelinge in altwee lande. In sowel Suid-Afrika as Rwanda het die bevolking daarna gesmag om die deure van 'n ou onderdrukkende verlede agter hulle toe te maak, om die deur na 'n nuwe demokratiese toekoms oop te maak. In Suid-Afrika het die afgevaardigdes na die CODESA-samesprekings, by Kemptonpark, begin om 'n nuwe konstitusie vir die land te ontwerp. In Arusha (Tanzanië) het verteenwoordigers van al die strydende partye in Rwanda met die selfde proses begin.

Maar die proses het in die twee lande totaal verskillend verloop. Dit is ironies dat juis in April 1994 toe miljoene Suid-Afrikaners na die stembus gegaan het om aan die eerste vrye algemene verkiesing in die land deel te neem, die bloedbad in Rwanada sy losgebars het. Toe in Pretoria vreugdevure aangesteek is, toe president Nelson Mandela ingehuldig is, is Kigali in rou gedompel, het stootskrapers duisende lyke in slote begrawe. Waarom die verskil? Wat het Suid-Afrika gedoen om te verseker dat dinge by hulle so anders verloop het? Vanuit Rwanda het een deputasie na die ander na Suid-Afrika gekom om te probeer uitvind. Adviseurs vanuit Suid-Afrika is genooi om te kom help. Daar was inderdaad ook 'n aantal lesse te wat die Rwandese uit ons situasie kon leer. Daar was stukke ervaring wat gedeel kon word. Hoe om dinge te doen – en ook *nie* te doen nie.

Maar net so pas dit ons om die lesse wat Rwanda *ons* kan leer, ernstig op te neem. Vir die kerke in ons land pas dit om die uitdagings wat aan die Rwandese kerke gestel is, op onsself van toepassing te maak.

Die kerklike gemeenskap in Suid-Afrika het ook nog lank nie met sy *skuldvraag* – die vraag na 'n *openbare belydenis* oor die rol wat die kerke in die apartheidsverlede van ons land gespeel het – afgereken nie. Tydens die openbare getuienisgeleentheid wat die WVK vir die kerke en ander geloofsgemeenskappe in ons land gereël het (Oos-Londen,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

17-19 November 1996), het dit duidelik geword dat *alle* kerke – nie net die Afrikaanse kerke wat tradsioneel aan die kant van die voroge regering gestaan en gehelp het om apartheid te sanksioneer nie – geraamtes in die kas gehad het, dat alle denominasies baie het om te bely – en baie het om aan te bied, om die land op 'n beter weg te begelei. Om te bely is 'n pynlike saak. Net so moeilik as wat dit vir die Rwandese kerke was om hul skuld raak te sien, te erken en te bely, is dit vir baie Suid-Afrikaanse kerkleiers en lidmate. Maar vir Rwanda én Suid-Afrika is dit ewe bevrydend waar dit wel gebeur.

Soos in Rwanda rus die verpligting op die Suid-Afrikaanse kerke om 'n *profetiese woord* te spreek, om die lig van Gods Woord op elke segment van die samelewing te laat val. En in die nuwe omstandighede in ons land is dit ook moeilik – veral vir kerke en kerkleiers wat saamgestry het om 'n nuwe demokratiese bestel in die land te verseker - om die nodige afstand tussen Kerk en Staat te bewaar, om vreesloos te praat waar gepraat moet word. Maar dat 'n profetiese woord in 'n land waar misdaad en korrupsie, verontregting, rassisme en omgekeerde rassisme, die ineenstoreting van morele waardes, aan die orde van die dag is, broodnodig is, is waar. Van alle kante hoor 'n mens die versugting: Waar is die kerke? Wat sê hulle oor wat aan die gebeur is?

*Leierskapsontwikkeling en bemagtiging* staan eweneens op die agenda van die Suid-Afrikaanse kerke. Soos in die res van Afrika is die gebrek aan opgeleide en goed toegeruste leiers in ons land een van die mees brandende probleme – en kan die kerke in die land met hul lang onderwyservaring, hul breë netwerk, hul mannekrag en veral met die unieke bydrae wat hulle met Gods Woord in hul hand kan lewer, 'n baie groot rol speel. In die kerke, maar veral op die fabrieksvloer, op die platteland, op plase, in die direksievergaderings, in die weermag en polisie, oral waar hul lidmate beweeg, het die kerke die dure verantwoordelikheid om hulle te begelei en te bemagtig.

Dieselfde geld van die roeping om *op voetspoor van Jesus Christus diens te lewer.* Die sosio-ekonomiese probleme wat Rwanda teister, is ook in Suid-Afrika te vinde, dikwels (omdat die Suid-Afrikaanse bevolking vyfmaal groter as dié van Rwanda is) op 'n veel groter skaal. Armoede, werkloosheid, ongeletterdheid, siektes – veral Vigs wat ontstellende afmetings aanneem – om slegs enkele voorbeelde te noem, skep probleme wat geen regering alleen kan takel nie. Die diens wat kerke kan en moet lewer is onontbeerlik.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Laastens lê die verantwoodelikheid net so swaar op die skouers van die kerkleiers en lidmate om as *bedienaars van versoening* in Suid-Afrika op te tree. Onder talle het die – redelik naïewe – verwagting geheers dat as die Suid-Afrikaanse WVK met sy werk klaar was, as die "waarheid" uiteindelik op tafel sou kom, daar vanselfsprekend ook versoening in die land sou wees. Dit het nie gebeur nie. Die WVK het met sy ondersoeke, met die proses wat aan die gang gesit is, gehelp om die tafel vir versoening te dek. Maar die eintlike maaltyd moet nog bedien word. In ons verskeurde, getraumatiseerde land, met slagoffers en oortreders aan alle kante, is daar nog 'n lang, moeisame, pad te loop. Maar op hierdie weg van versoening het die kerk die dure roeping om die land en sy mense te begelei.

"Ons het die harde manier geleer om nie meer iets van ander te verwag nie. Niemand wil ons meer help nie", was die klag van president Paul Kagawe van Rwanda. In 'n groot mate kan ons as Suid-Afrikaners met hom saamstem. Ons het ook geleer om nie te veel van die internasionale gemeenskap te verwag nie, dat beloftes maklik gemaak word – en baie moeilik uitgevoer word. Maar Christene in die twee lande kan mekaar wel deeglik ondersteun, deur hul belangstelling en gebede, deur hande na mekaar uit te reik en mekaar se laste te dra. En deur mekaar se lesse te leer.

## Literatuurverwysings

Barret, David B (ed) 1982. *World Christian Encyclopedia.* Nairobi: Oxford University Press.

Dowling, Kevin 1999. Outreach to Sudan and Rwanda in *Justice and Peace Annual Report (1999).* Pretoria: SACBC,.

JAM 2000. *Jesus Alive Ministries International.* Honeydew: JAM.

Johstone, Patrick 1993. *Operation World.* Grand Rapids: Zondervan.

Meiring, Piet 1979. *Die kerk in die Nuwe Afrika.* Kaapstad: Tafelberg.

— 1999. *Kroniek van die Waarheidskommissie*, Vanderbijlpark: Carpe Diem.

Oliver, Roland & Fage, J D 1962: *A short history of Africa.* Harmondsworth: Penguin.

Tutu, Desmond M 1999. *No future without forgiveness.* London: Rider.

Van Rensburg, A P J 1975. *Contemporary leaders of Africa.* Pretoria: HAUM.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

Villa-Vicencio, Charles & Verwoerd, Wilhelm 2000. *Looking back, reaching forward.* Cape Town: UCT/London, Zed.

## Amptelike publikasies van die Regering van Rwanda:

Law No 08/96 (30 August 1996) on the organization of prosecutions for offences constitution the crime of genocide or crimes against humanity since 1 October 1990.

Law No 04/99 (12 March 1999) establishing the National Unity and Reconciliation Commission.

Law No 4/99 (12 March 1999) establishing the National Human Rights Commission.

Transitional National Assembly July 2000: General View and Peerspectives of Rwanda Transitional National Assembly.

National Unity and Reconciliation Commission (NURC). Structure, Functions and Programs 2000.

## Onderhoude gevoer met:

Die president van Rwanda, Kigali, 23 Augustus 2000.

Die minister van Justisie, Kigali, 22 Augustus 2000.

Die speaker van die parlement, Kigali, 22 Augustus 2000.

Minister Ndoba Gasana (voorsitter Menseregtekommissie), Kigali, 22 en 23 Augustus 2000.

Minister Aloisea Inyumba (algemene sekretaris Eenheids- en Versoeningskommissie), Kigali, 21 Augustus 2000.

Aartsbiskop Emanuel Kolline (Anglikaanse Kerk), Kigali, 21 Augustus 2000.

Professor André Karamanga (Presbiteriaanse Kerk, Protestantse Raad van Kerke), Kigali, 21 Augustus 2000.

Burgemeester Mutjima, Murambe, 22 Augustus 2000.

Minister J N Nayinzira (voortsitter Eenheids- en Versoeningskommissie), Kigali, 21 Augustus 2000.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services